durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

4 Augustus 2019

**4 Augustus 2019, DOOP, GELOOFSGELOFTE-OFFERS**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Prof. Jurgens Hendriks*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Prof. Jurgens Hendriks*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)** |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Arno Mattheus* |

**Deuroffer: Teologiese Kweekskool**

Mense word toegerus om optimale diens in interkulturele kontekste binne en buite RSA te lewer. Kruiskulturele verkondiging van die evangelie by informele nedersettings word bv. aangespreek.

**11 Augustus 2019, Preekreeks: Triniteit - Gees**

| | |
|---|---|
| 09:00 | **Familiediens**<br>Ouditorium<br>*Pieter Henning*<br>*Tema: Oral, Altyd (Die Heilige Gees troos en leer)* |

**Deuroffer: Vrouebegeleiding**

## NUUS:

4 Aug: GGO-Sondag
11 Aug: 9:00 Familiediens (Langnaweek),
13 Aug: Doopkategese
16 Aug: Fun Family Date Night
18 Aug: Nagmaal
Gawes v.d. Gees kursus
19 Aug: Kerkraadsvergadering
23 Aug: Bevrydingskursus,
Uitreikgeleentheid
TGIF-Mannekamp
24 Aug: Betesda–mark
25 Aug: Bybelsondag

# HOOPVOL




Lees 'n hawelose se antwoord hierop: bl. 3

Brother Marko se temas die afgelope getuienisweek het my weer laat besef dat ons as Christene ALTYD hoop kan hê. Dit gaan oor die manier hoe ons na dinge kyk.

As ons luister hoe Christene vervolg word kan ons net GETUIG van absolute genade. Wanneer ons toegee aan versoekings en ons oog afhaal van Christus, lyk dinge hopeloos, maar ons kry troos wanneer ons met Christus se oë kyk. Ons begryp dat ons nie alles verstaan nie, maar vrede kan vind in die onstuimigste omstandighede. In die week vertel hulle ons hoe blymoedig die gevangenes in Eritrea bly hoop, al word hulle letterlik opgeëet deur luise en brand hulle ***Vervolg op bl. 2***

## Ek gee meer as wat ek moet, maar ek wil ...

**Geloofsgelofte-Offers (GGO)**

GGO se ontstaan kom vanuit Jesus se laaste opdrag in Matt 28:19 "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels" en daarmee saam Matt 25:35 "want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves;"

Dit is God se hart vir 'n verlore Wêreld, en ook ons gemeente se missie wat sê dat ons **Sy ligdraers is wat: In liefde omsien na die welsyn van ons naaste, en volhard in die uitdra van die Evangelie van Hoop.**

Bergsig maak gebruik van die Geloofsgelofte-offermetode om finansiële ondersteuning vir die uitreikprojekte van die gemeente te verkry. Dit is ons spoor na buite. Donateurs verbind hulle jaarliks met die loodsing van die GGO-projek.

**Donateurs beloof aan God, in geloof, 'n ekstra bedrag, bo en behalwe** die maandelikse dankoffer aan die gemeente.

Hulle VERTROU God dus vir die ekstra voorsiening om die bydrae te kan maak.

Geen bydrae is te klein om 'n verskil te maak nie en die feit dat hierdie program al 22 jaar bestaan is 'n bewys van God se seën op die gemeente se uitreikbedieninge.Ons lees op bladsy 2 meer oor ons spoor na buite en hoe die GGO bydraes 'n verskil maak.

Maak biddend jou 2019/2020 GGO-belofte en voer dit uit met God se hulp.

**Bergsig GGO-donateurs word vriendelik herinner om alle elektroniese GGO-donasies altyd duidelik in die verwysingsveld met "GGO" te merk ten einde dit van Bergsig dankoffers/bydraes te onderskei, aangesien dieselfde bankrekening vir beide tipe ontvangste gebruik word.**

Bid asseblief saam met ons vir hierdie projek.

HANDELINGE 1:8
Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za






voete terwyl hul etes op die warmste tyd van die dag bedien word. (Ewe skielik "like" ek my "no-name brand" tekkies baie!!!)

Alles vertel eintlik een groot storie - ons moet net reg daarna kyk. Elke mens se bydrae is deel van die liggaam van Christus. Gelukkig hou Hy sy kerk in stand en hoef ons, ons nie oor elke klein dingetjie te kwel nie!

Ek weet van 'n gestremde wat trots R80 'n maand bydra tot die GGO fonds. Dit laat my dink aan die weduwee wat haar laaste sente ingegooi het. Dit is vir my die week só bemoedigend. Die persoon vertrou dat die werk van die Here deur die kerk gedoen sal raak. Dit laat my glimlag.

Ek kyk na die kinders wat getuienisweek **GENIET** het. Hul blootstelling aan projekte wat deur die GGO befonds word was uiters inspirerend! Hul verstaan dat GETUIENISWEEK se fokus op ons UITREIK projekte alles te doen het, met die GGO geld wat ingesamel word om 'n spoor na buite te trap.

Baie keer op onbekende paaie waar ons self nooit eers loop nie. Die NG-kerk laat 'n baie groot spoor in Afrika oor die afgelope 100 jaar na. Ons bid die Here se seën daarop toe. Mag die spoor na buite (waar ons bydra) vir solank die aarde bestaan, voortgaan.



***Foto's: Voorblad en bladsy 2***

*Hawelose projek op ons voorstoep*
*Betesda projek op ons voorstoep*
*SAPD projek op ons voorstoep*
*Lesotho projek oor grense heen*
*Thailand projek oor grense heen*

**Kweekskool in Angola se storie:** Die NG-kerk help om na die oorlog te herbou en die eerste uitdaging was om water op die terrein te kry. Die ideaal is in Julie bereik! Lees die volledige storie op die webblad by skakel: *Uitreike/Projekte oor Grense heen/Angola*







# Bergsigprojekte oor grense

## GGO dra by tot sendingleiers se studies

Vandag praat Professor Jurgens Hendriks (Stellenbosch Fakulteit van Teologie) oor **Leierskap in navolging van Christus.** Dit lei die Geloofsgelofte-Offersondag in. Wie is hy?

Hy is sedert aftrede voltyds betrokke by die *Network for African Congregational Theology* (NetACT) vanuit die kantoor in die Kweekskool. Die netwerk is in 2000 gestig om teologiese skole in Afrika te help om missionale leierskap te ontwikkel.

Die "brain-drain" verskynsel is oral in Afrika 'n realiteit en ons het dit begin omkeer. In die afgelope 20 jaar, het die toevloei van nagraadse studente uit Afrika, en tans ook uit Suid-Amerika en Asië, so toegeneem dat die Fakulteit Teologie op Stellenbosch dit nie alleen kan hanteer nie. Noord-Wes Universiteit, Vrystaat en Pretoria skakel nou daarby in. Hierdie September ontvang hul 'n groep van 40 leiers vir wie hul begelei met die skrywe van hul PhD navorsingsvoorstelle.

Tot sover het hulle al Durbanville-Bergsig se bydraes gebruik vir beurse aan studente uit Afrikakerke wat deur die NGK se sendingwerk tot stand gekom het. NetACT se projekte word deur die lede self op die agenda geplaas en gedryf. Tans is hy baie betrokke by 'n omvattende projek wat korrupsie en swak leierskap in die staat, besigheid en die kerk takel – wel in alle sektore van die openbare lewe. Ons bemagtig die kerk in Afrika, land vir land, om self verantwoordelikheid te neem hiervoor.

Die Geloofsgelofte-Offers help dus gedeeltelik met die groot taak van die Kweekskool. Ons kan opgewonde wees dat ons indirek help om so 'n groot verskil te maak. Lees Ds. Penias se getuienis:

*"My dream to do a Phd study began with you when I met you in 2016 at UFS. That time I was Synod secretary and we had a visit at UFS. We interacted and you motivated me. You never abandoned me until I was finally a student at SU. Zikomo Kwambiri (thank you very much).*
*I want you to know that am so thankful for what you have done in to my life. Am not the same, God has taught me a lot of things while at SU, with Prof. Mbaya as my supervisor. I thank God for the journey I had with Prof. Mbaya as my supervisor. Thank you for helping me and believing me that I can manage to study at this wonderful university. I will be SU ambassador. Just continue to pray for me as I prepare for my defence in October, 19." Penias*

Ds. Penias weet die geld kom van Bergsig.
Fondse is onder andere aangewend vir sy nagraadse studies.
**Sy PhD tema was:**
*Financial and Partnership Independence: A Missiological Study of the Partnership Relationships in the Reformed Church in Zambia (RCZ) 1966-2016.*

# Voorbidding

*Om deel van die gebedsketting te word e-pos: geestelikeversorging@bergsigdv.co.za*

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hanli Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Operasie | Herstel en bemoediging |
| Loui Griebenouw | | Ouma oorlede | Troos en bemoediging |
| Ria van Gent | Rochfort Retirement Village, 084 504 3064 | Man oorlede | Troos en bemoediging |
| Antoinette Heyns en kinders | Cadizstraat 22, 082 822 0142 | Man en pappa oorlede | Troos en bemoediging |
| Charlotte Lingenfelder | Constantiastr. 18, 021 976 8434 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Richard Myburgh | Chantilly 24, 021 975 8247 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Jaco en Angela Fourie | 072 124 4271 | Hul baba , Olivia (6mde) het leweroorplanting gekry . | Bid vir gesin vir gesond word van Jaco (pa skenker )en Olivia (ontvanger) |
| Kobie Voigt | Fairtrees | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir | Herstel en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | Herstel en bemoediging |
| JC Smith | Richterstraat 8, 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | Herstel en bemoediging |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | Herstel en bemoediging |

**Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106**

Diep Sarie is aangenaam verras die week deur die Getuienisweek wat sy bygewoon het. Dit was maar koud om saans na die kerk toe te kom, maar stelselmatig sien sy hoe al die verskillende dele van kerkwees in mekaar steek. Sy het die hele week gewroeg oor al die nuus wat op RSG uitgesaai word, soveel so dat sy oorgeskakel het na Smile Radio vir bietjie lawwigheid. Sy het besef sy oordeel haarself oor alles wat sy nie vir die Koninkryk doen nie en kyk heeltemal mis dat sy daagliks die Koninkryk uitleef! Sy wroeg minder.

*Die hawelose wat die briefie skryf is aan ons bekend by die kerk en wie het geweet dat hy so wel ter tale is?? Dit is die antwoord op die seun se pakkie (en brief) op die voorblad omkring met rooi. Die pakkies is tydens die kinder getuienisweek opgemaak om uit te deel aan hawelose. Hier het die kinders prakties geleer om uitvoering te gee aan die kerk se opdrag soos in Hand 1:8*


3 Julie 2019

Goeidag jong mannetjie

Jy is onbekend aan my; maar wel bekend aan God. Jy is 'n outjie met 'n warm hart. Dankie dat mamma en pappa jou sulke goeie maniere geleer het. Jy doen beslis wat Jesus van jou verlang. Met hierdie manier van dinge doen benader jy die koningkryk van God. Nie aantou wen en jy is alreeds 'n wenner al is Jy nog 'n kind.

Baie Dankie
Geseënde kind van God; en nie net van mamma en pappa nie.

Van iemand wat jou goeie dat waardeer.

God Bless You!




**BEVRYDINGSKURSUS 23-25 AUGUSTUS 2019**

**Aanbieders: Pieter & Helene Theron**

Die lesings word oor `n naweek aangebied. Die kursus begin Vrydagaand, duur die hele Saterdag en eindig Sondagmiddag.

Bevrydingsessies kan tydens die kursus vir die Maandag en Dinsdag na die naweek bespreek word.

**Tye: Vrydagaand 19:00 – 21:30, Saterdag 9:00 – 18:00, Sondag 14:00 – 18:00**

**Koste: R630 pp - sluit kursushandleiding, koffie/tee en beskuit in.**

(Saterdag: 13:00- 14:00 Bring iets te ete saam)

**Kontak: Liezl Loubser Tel: 021 976 4106 (x106) geestelikeversorging@bergsigdv.co.za**

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende

Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

**Sien agterblad vir meer inligting oor die MANNEKAMP.**

By die kampnaweek gaan ons praat oor hoe lyk totale toewyding aan Jesus. Hoe lyk 'n egte opregte verhouding met Hom en hoe lei ek my familie daarin.

# Huwelikskursus

Durbanville Gemeente

h/v Kerk- en Weyersstrate, Durbanville

Woensdae 19:00 in die Konsistorie (agter in die kerkgebou)



**7 AUGUSTUS**
Verantwoordelikhede: Tinus van Zyl

**14 AUGUSTUS**
Kommunikasie: Grete Becker

**21 AUGUSTUS**
Finansies: Rassie Smit

**28 AUGUSTUS**
Seksualiteit: Nicky Spies

**4 SEPTEMBER**
Persoonlikhede: Lourensia Chamberlain

**KOSTE: DIE KURSUS IS GRATIS.**

As jy nog nie 'n **Meyers&Briggs toets** gedoen het nie, is die koste daarvan R200

Inskrywingsvorm by:
ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
021 975 6370
Inskrywings sluit die 31ste Julie

FISANTEKRAAL
Centre for Development
Equipping people for a meaningful life

BEGIN KLEIN

## KAN U HELP?

Vrywillige Fasiliteerders vir lewensvaardighede, klantediens, Engelse geletterdheid, loopbaanafrigting, oefen onderhoude en CV voorbereiding

Xhosa-sprekende beraders

Word 'n werkskaduwee, plasings- en / of gebedsvennoot


Word 'n maandelikse skenker van so min as R100 / pm

Sosiale media kenner (hulp en begeleiding met sosiale media platforms)

Besigheidsmentors (om kleinsake-eienaars te begelei)

Help met ons fondsinsamelingsprojekte

**Kontak Unita op 021 975 7764 of epos partners@fisantekraal.org.za vir meer informasie**




NUUT HIER?

**NUUT HIER?**

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel:

**http://bit.ly/nuwelidmate**

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou details ingevoeg kan word. Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

# ONS DAAGLIKSE BROOD

## "Ons spoor"


10 God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit
laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.

11 Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees. Deur ons bemiddeling
het julle vrygewigheid tot gevolg dat God gedank word,

12 want die bediening van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook oorvloedi-
ge dankbaarheid teenoor God mee. 2 Korintiërs 10-12

**Gebed: Vader, gee dat ons die innerlike vreugde sal ervaar van gee aan iemand wat 'n behoefte het; 'n glimlag, 'n warm handdruk, 'n woord van vertroosting, 'n liefdevolle gebaar - dit alles kos my niks, maar kan vir iemand anders baie beteken.**

**Here, help ons om skatte op die beste plekke te versamel.**




[1] Uitgawes **DIREK** gekoppel aan Bergsig se spoor na buite = 25% (in en weer uit)

[2] Personeel verteenwoordig die "binnespoor" wat:

**toerus, versorg, beraad, bedien, kommunikeer, in stand hou, koördineer, organiseer, beplan, oprig, preek, besoek, en so meer.**

| | | |
|---|---|---|
| **Totale uitgawes** | **8 818 748** | |
| | | |
| Verdeling van uitgawes | | % |
| Personeelvergoeding | 5 118 205 | 58 |
| Admin, Eiendomme | 911 660 | 10 |
| Plaaslike / gemeentelike werksaamhede | 634 781 | 7 |
| Dienswerk/Uitreike (insluitend GGO) | 1 630 274 | 19 |
| Sinodale aandeel | 523 827 | 6 |

*Dr. Phil het gesê:*

*"Do you contribute or do you contaminate?"*

**Kontak Pieter Henning vir meer inligting**
**bestuurder@bergsigdv.co.za**






# DESIRING GOD

## Gawes van die Gees kursus

***Filippense 10:3 Al wat ek wens, is om Christus te ken...***

*Kom leer saam met medegelowiges oor die Heilige Gees*

**Onderwerpe**

**18 Aug: Die Doop en vervulling met die Heilige Gees**
**25 Aug: Die Gawes van die Heilige Gees Deel 1**
**1 Sept: Die Gawes van die Heilige Gees Deel 2**
**8 Sept: Die Gawes van gesondmaking, tale en profesie – met getuienisse**
**15 Sept: Afsluiting**

**Inskrywing: Louis Blignaut,**
**082 552 1372 / lbb@global.co.za**

**Koste: R100 per persoon (koste van uitdeelstukke)**
**Wanneer: Sondagaande 17:45 – 19:00**
**Waar: Durbanville Bergsig (Saal)**




**MANNE totaal toegewy met oorgawe aan God - is dit moontlik?** Ons mans kort kopskoonmaakplek, hul kort gesels, hul kort mentors, hul kort 'n klankbord. Hul voel alleen al is hul omring, hul weet nie meer wie hul is nie. JY is GOD s'n! Hoe gouer jy jou met oorgawe oorgee - hoe beter. Kom saam mannekamp toe!





**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za

**S33 48.966 O18 39.728**

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810


zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to donate now

Snap here to pay
SnapScan
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527